


Onthou ons 40-dae lesse





Goggas

As God soveel moeite met sulke klein goggas gedoen het, hoeveel te meer met my! Elke goggatjie het 'n belangrike werkie en so het ek 'n belangrike werkie. My werkie is spesiaal om God te loof en vir Hom te lewe. Loof en prys hom!

Hottentotsgotte Bid altyd!

Die hottentotsgot is altyd in 'n biddende posisie. Hy kan nie anders as om so te sit nie. Ons kan ook nie anders as om met Jesus te praat nie! Hy het ons lief, daarom kan ons alles met Hom praat. Bid altyd!



Vlinders

Lelike vet wurms verander in die mooiste skoelappers. So verander Jesus jou as jy sy kind word. Jy word al hoe mooier, want jy word al meer soos Hy. Word soos Jesus!

5. Miere

Miere is flukes harde kan hulle 'n huis




werkers. Ons moet ook fluks en hard vir Jesus werk. As miere saamwerk, opeet! Dink net wat ons almal saam vir Jesus kan doen! Werk vir Jesus!

6.

Die vuurvliegies se lig kan helder in die donker skyn. Hy gebruik hom te lok. Jy is Jesus se liggie. Trek jy ook ander maatjies na Jesus!

Vuurvliegies



dit om ander na Jesus? Skyn vir

Bye

Bye werk altyd saam. Jesus se kinders met Sorg vir mekaar!



Een by kan nie 'n nes bou of heuning maak nie. bymekaar staan, mekaar help en vir mekaar omgee.

Neko de Aroe (Vervolg van Vol 2)

Ek het my nek omtrent uit lit uit gerek en gestrek om te sien wat aangaan, maar kon nie veel wysword nie. Toe besluit ek om af te klim en te gaan kyk, want dit het geklink of dit daar van ou Jakob se winkel laer in die straat af kom.



Ek het maar half versigtig geloop, hoor. 'n Kat weet nooit of sy lewe seker is in die stad nie! Hier is juis 'n paar rondloperbrakke wat dalk net op die uitkyk vir katvleis kan wees.

In elk geval, toe ek net so vier huise laer af in die straat is, sien ek dit. 'n Klomp mense wat staan en skree en beduie! Dit het behoorlik geklink of hulle almal histeries is! Dit was net mooi daar waar ou Jakob se winkel is en dit het gelyk of daar iets in die woonstel bokant die winkel verkeerd was.

Toe sien ek dat daar rook by die een venster uitborrel. Ek het dadelik besef hoekom die mense so staan en skree – die woonstel bokant die winkel was aan die brand!

Ek weet ou Jakob se seun bly daar bo saam met sy vrou tjie en hulle het net nou die dag 'n klein babatjie gehad en dié was natuurlik nog daarbinne!

So vinnig soos wat my vier pote my ou lyf kon dra, het ek agterom die winkel gehardloop. Daar is 'n gat in die stoor se een deur waar hulle altyd die koerante deurdruk en deur die jare het dit my geheime ingang geword. Daar is partykeer lekker vet muise in die stoor en die gat is net groot genoeg dat ek daar kan deurkruip.

Maar nou dwaal ek al weer van die punt af. Net toe ek deur die gat geglip het, het ek die babatjie hoor skree. Daar is 'n trap wat uit die stoor uit opgaan na die boonste verdieping toe en ek het vinnig daarmee opgehardloop.

Die deur tussen die stoor en die gang was met 'n slot toegesluit en ek kon nie deurglip nie. Daar was ook nie 'n manier wat ek daar kon deurgaen nie en ek kon die rook al binne-in die stoor ruik.

Al genade was om iemand se aandag te trek! Ek het so vinnig ek kon by die trap af en by die deur uitgestorm. Buite het ek gehoor hoe die brandweersirenes skree en net toe het die rooi lorrie voor die winkel stilgehou.

Ek wou nog soontoe hardloop, toe praat iemand hier agter my en vra “Neko, nou wat op aarde soek jy dan hier?” Dit was wraggies ou Neels wat seker vir hom die koerant kom koop het.

Op my mooiste en ernstigste stem, het ek gemiaau en omgedraai om na die deur se kant toe te hardloop. Hy het eers nie verstaan nie, maar toe ek stilstaan, weer ernstig miaau en smekend na hom kyk, het hy gesnap dat hy my moet volg.

Hy’t sy koerant neergegooi en oor sy skouer iets vir die mense op die hoek geskree en agter my aangedraf. Neels het die stoordeur oopgestamp en net toe hy binnekant was, het een van die brandweermanne verbygestorm teen die trap op. Hy het ‘n yslike byl by hom gehad en baie gou die gangdeur se slot afgekap.

Neels het my vinnig opgetel en toe die brandweerman die deur oophet, het ons saam met hom daar ingestorm om die babatjie te gaan uithaal. Sy het gelukkig niks oorgekom nie, want haar kamer was langsaan die kombuis waar die vuur begin het.

Toe ons buite kom, het die brandweerman die babatjie vir ou Jakob aangegee. Hy was baie bly om sy kleinkind ongeskonde te sien en wou net die brandweerman begin bedank, toe dié vir hom sê: “Nee Meneer, dit was Neels wat my geroep het en gewys het waar die stoor se deur was. Anders was ons sekerlik nie betyds nie!”

Toe ou Jakob na Neels toe draai om hom te bedank, het Neels gesê: “Nee, ou Jakob, as dit nie vir Neko was nie, het ek ook nie van die deur geweet nie. Dis vir hom wat jy moet dankie sê.”

Ou Jakob het my stip aangekyk en oor my kop gevryf en gesê: “Neko, jy is ‘n dappere kat. Hiervoor gaan jy sommer nou ‘n groot stuk vis kry!”


Toe het ou Jakob vir ons almal genooi om in die winkel in te kom. Vir die brandweermanne en vir Neels het hy elk ‘n lekker groot glas koeldrank aangebied en vir my? Vir my het hy ‘n piering melk op die toonbank gesit en

‘n lekker vet stuk snoek afgesny! Ek het my trommeldik geëet en Neels het my huis toe gedra!

Die volgende dag was daar ‘n groot foto van my en Neels in die koerant en ‘n lang storie daarby.

Nou lê ek elke dag weer hier op die muurtjie en as ou Petrus verbykom, kry ek die vetste sardientjie in sy emmer! Die blommeverkopers staan ook deesdae stil as hulle hier verbyloop en sê: “Kyk daai mooi kat. Dis mos Neko de Aroe. Hy het mos gehelp om ou Jakob se kleinkind te red!” Selfs Fienie van langsaan drink nou meer kere tee op die stoep en soms bring sy vir my bietjie melk in ‘n pierinkie.

Maar die lekkerste van alles is as Neels verbystap en partykeer tussen my ore vryf en dan vir my sê: “Ja, Neko. God het ook vir jou gemaak en ons is baie bly dat jy hier in ons straat bly.”>>>>>>>> *Geskryf deur Duimelita*



Kyk stip na die Jesus illustrasie en kyk hoeveel ander prentjies oor die lewe van Jesus is in Sy gesig weggesteek.